Verwysing: 20180905-6055
13/1/1/3
Navrae: M Combrink

Assesseringsbestuurminuut: 0013/2018

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Riglyne vir die inwerkingstelling en bestuur van die meervoudige eksamengeleentheid vir bevorderde graad 12-leerders**

1. Hierdie minuut moet saamgelees word met die *Regulations pertaining to the National Curriculum Statement Grades R-12*, die *Regulations pertaining to the Conduct, Administration and Management of the National Senior Certificate examination* en die *Policy pertaining to the Programme and Promotion Requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12*, soos gewysig in Staatskoerant, Vol. 618 Nr. 40472, van 02 Desember 2016 en Assesseringsbestuurminuut: 0017/2017, gedateer 10 Oktober 2017.

2. **Meervoudige eksamengeleentheid vir bevorderde graad 12-leerders**

2.1 Slegs 46% van die leerders wat die meervoudige eksamengeleentheid (MEG) in 2017 gekies het, het die Mei-/Junie-eksamen geskryf.

2.2 'n Groter verbintenis word van skole benodig om hulle MEG-leerders te ondersteun en aan te moedig om hulle vir die Mei-/Junie-eksamen voor te berei.

2.3 Die MEG-opsie gee leerders wat **vanaf graad 11 tot graad 12 bevorder** word, die keuse om minder as die sesvakpakkette in die November 2018-eksamen te skryf en die oorblywende vakke in die Junie 2019-eksamen te skryf.

2.4 Die **prestasie van bevorderde leerders moet in** die graad 12 jaar **gemonitor word**, en in oorleg **met die ouers/voogde,** sal die leerders toegelaat word om die eksamen in vier vakke (Lewensoriëntering ingesluit) in 2018 te skryf en die oorblywende vakke in die Junie 2019-eksamen te skryf.

2.5 Ten einde eenvormigheid in die toepassing van die MEG-opsie te verseker, moet 'n leerder wat hierdie opsie kies, aan **elk** van die volgende kriteria voldoen:

Die leerder –

(a) moet van graad 11 na graad 12 bevorder word;
(b) moes al sy/haar skoolgebaseerde assesseringsvereistes (SGA) in al sewe vakke in graad 12 voltooi het;
(c) moes op 'n gereelde basis skool bygewoon het (afwesigheid van meer as 20 onderrigdae, sonder 'n geldige rede);
(d) moes al die vakke in die September 2018-eksamen geskryf het; en
(e) moes 'n minimum van drie vakke in die September 2018-eksamens gedruip het.

2.6 Prinsipale met toesien dat die ouers/voogde van die leerders wat vir die MEG-opsie kwalifiseer, skriftelik op die aangehegte **Bylae A** in kennis gestel word. Die ouers/voogde moet aandui of hulle die aanbeveling aanvaar, al dan nie. Die skool moet die dokumentasie behou indien bewyse deur die distrikskantoor of hoofkantoor aangevra word.

2.7 Die identifisering van die MEG-leerders moet teen **17 Oktober 2018** op SOBIS voltooi word en slegs aanvaarbare aanbevelings kan aangeteken word. Volg asseblief die prosedures wat in **Bylae B** uiteengesit is.

3. **Let asseblief daarop dat** die MEG-opsie **slegs** op leerders wat van graad 11 na graad 12 bevorder word, van toepassing is.

4. U word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 12-onderwysers, -leerders en -ouers/-voogde by u skool te bring.

**GETEKEN:** PAD BEETS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2018-09-28

Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Assesseringsbestuur

BYLAE A

## AANSOEK OM MEERVOUDIGE EKSAMENGELEENTHEID (MEG)

SKOOL: ______________________ DISTRIK: ______________________

LEERDER: ______________________ EKSAMENNOMMER: ______________

**'n Leerder wat hierdie opsie kies, moet aan die volgende kriteria voldoen:**

**JA/NEE** is van graad 11 na graad 12 bevorder;

**JA/NEE** het al sy/haar skoolgebaseerde assesseringsvereistes (SGA) in al sewe vakke voltooi; en

**JA/NEE** het op 'n gereelde basis skool bygewoon (afwesigheid van meer as 20 onderrigdae, sonder 'n geldige rede);

**JA/NEE** het die September 2018-eksamen in alle vakke geskryf; en

**JA/NEE** het die minimum van drie vakke in die September 2018-eksamen gedruip.

**(Heg 'n afskrif van die September-verslag aan.)**

Die leerder voldoen aan **elk** van die bogenoemde kriteria en doen hiermee aansoek om die MEG-opsie om sy/haar vakke oor die twee eksamens te skryf. Dit wil sê:

**(VAKKE MOET DEUR DIE SKOOL VOLTOOI WORD)**

| Vier vakke wat in 2018 geskryf sal word | Drie vakke wat in Junie 2019 geskryf sal word |
|---|---|
| Lewensoriëntering | |
| | |
| | |
| | |

Ek, mnr./mev./me. ______________________ (ouer/voog)

van ______________________ (graad 12-leerder), bevestig hiermee dat die skool my oor my kind se prestasie in kennis gestel het, en dat ek instem dat die vakke in November 2018 en Junie 2019 geskryf sal word.

______________________ ______________________

**OUER/VOOG SE HANDTEKENING** **PRINSIPAAL SE HANDTEKENING (NAAM EN VAN)**

______________________ ______________________

**DATUM** **DATUM**

Skool se stempel

**Guidelines for the management of Multiple Examination Opportunity (MEO) for progressed Grade 12 learners on CEMIS and printing of revised examination admission letters**

Procedures to follow on CEMIS:

1. Log on to CEMIS.
2. Go to "EXAMS/ASSESSMENTS" – "MEO/Progressed" menu option.

3. **Register progressed learner who opt for the MEO option:**

3.1 Select the "MEO candidates" button – list of progressed learners will be displayed.
3.2 Tick to select the learner.
3.3 Change the MEO status to "YES".
3.4 Select "update" to save changes.
3.5 Repeat process for all learners opting for MEO.
3.6 Learner's CEMIS ID will become a "link" if the update was successful.

4. **Indicate the MEO subjects to be written in 2019:**

4.1 Click on the "link" – the list of registered subjects will be displayed.
4.2 Change the status of the subjects to be written in June 2019 to "YES".
4.3 Select "Save" to save the changes.
4.4 Repeat process for all learners opting for MEO.

5. **Print the revised admission letter:**

5.1 Select the "Print MEO Candidates Subjects" option.
5.2 <u>Bulk Print</u> – select if all MEO learners' admission letters must be printed.
5.3 <u>Print individual admission letter</u> (with "CEMIS learner ID") – insert the CEMIS learner ID to print individual letters.

6. It is important that all MEO learners are given an admission letter indicating only the subjects written in the November 2018 examination.

7. Should schools not be in a position to generate a revised admission letter on CEMIS, the original admission letter issued by the Western Cape Education Department (WCED) must be used. The subjects that will be written in June 2019, however, must be neatly struck off. The principal must sign the admission letter.

8. The identification of the MEO learners must be done on CEMIS by **17 October 2018** and only accepted recommendations may be recorded.